NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# PASTORALE BRIEF

# APRIL 2023

## DIE HOOGSTE PRYS...

"Hulle het Hom gekruisig...." Matteus 27:35

Dis Lydenstyd – die tyd van die kerklike jaar waarin ons as kerk nadink oor die lyding van ons Here. Paasnaweek is alreeds om die draai, waarin ons spesifiek daardie dramatiese gebeure op Golgota herdenk. Dit is 'n geleentheid waarop ons onsself vooraf moet instel, sodat die Here ons daardeur kan aanraak en dit nie sommer net by ons verbygaan nie.

Maar nou sal jy 'n fout maak as jy dink dat Jesus se lyding aan die kruis eers begin het. Inteendeel! Dit het baie jare vroeër begin, toe Hy sy hemelse woning moes verruil vir 'n stal, om deur menslike ouers versorg en grootgemaak te word. Vandat Hy sy eerste skree in 'n stal gegee het, was sy lewe een lang vernedering. Selfs in sy tuisdorp is Hy verwerp en was Hy nie welkom nie. Hy het na sy eiendom toe gekom, skrywe Johannes, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie."

Maar van dit alles was die kruis natuurlik die verskriklike hoogtepunt. Daar het God sy gesig van sy Seun weggedraai, sodat Hy die straf vir die mensdom se sonde kon dra. Maar juis in daardie swartste oomblik lê die sleutel van sy triomf. Want toe Hy uitroep: "Dit is volbring!" was alles inderdaad volbring. Die mag van die sonde en die dood was gebreek, en ons mag onsself weer kinders van God noem. Dit maak van daardie donker nagmerrie-Vrydag 'n *Goeie Vrydag...* Ons Here het vir ons oorwin!